



PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

COVID-19 REGULASIES

VEILIGHEIDSMATREËLS OP DIE SKOOLTERREIN

Met die skool wat moontlik weer binnekort stelselmatig gaan heropen, is dit noodsaaklik dat sekere volhoubare matreëls in plek gestel word om te verseker dat ons gemeenskap en leerders veilig bly en dat die skooljaar sonder enige verdere onderbrekings voltooi kan word.

Die verspreiding van die COVID-19 virus moet effektief bekamp word op die volgende maniere:

- Bly tuis as jy siek is.
- Nies en hoes in jou elmboog of in 'n sneesdoekie en gooi dit onmiddellik weg.
- Was jou hande gereeld en deeglik.
- Maak oppervlakke gereeld skoon.
- Vermyn enige fisiese kontak met ander mense.
- Elke leerder moet sy eie handsaniteerder by hom hê sodat hy gereeld sy hande kan ontsmet.
- Dit is ook belangrik dat hy ontsmettingslappies het om sy bank af te vee aan die begin van 'n les.
- Personeel en leerders sal verplig word om spesifieke maskers te dra. Leerders moet 'n masker (Navy, maroen, swart of mediese maskers) dra wat aan die mediese vereistes voldoen. Gestandaardiseerde maskers sal ouers meer gerus laat wees oor hulle kinders se veiligheid op die terrein.

Maskers

Die gebruik van maskers

MOENIE MASKERS IN HUISHOUDINGS DEEL NIE. MAAK SEKER DAAR IS TEN MINSTE TWEE MATERIAALMASKERS PER PERSOON IN DIE HUISHOUDING. 'n Materiaalmasker moet te alle tye in openbare plekke gedra word. Die masker moet met omsigtigheid opgesit of afgehaal word ter voorkoming van oordrag van besmetting aan mond, neus, oë en ander persone.

1. Moenie haastig wees met opsit van masker nie.
2. Was hande deeglik vooraf.
3. Plaas die masker met die regte kant oor neus en mond en maak seker van volledige bedekking.
4. Masker moet altyd stewig vasgebind word.
5. Maak seker die masker pas goed.
6. Moenie gesig aanraak nie.
7. Masker moet na verwydering met buitekant na onder op oppervlak geplaas word OF
8. Hou dit aan die toutjies en sit die masker in 'n spesifieke houer om gewas te word.
9. Was hande dadelik deeglik.
10. Was die masker daaglik.

Onderhoud van die masker

- Besit van twee maskers moet verseker word om alternatiewe reiniging daarvan te verseker.
- Was die masker daaglik met seep en warm water. Spoel deeglik uit en laat dit droog raak.
- STRYK DIE MASKER.
- MOENIE MASKER IN CHEMIKALIEË WEEK NIE OM INASEMING DAARVAN TE VERHOED.

Daar is verskeie maniere wat ons u kind en die personeel by die skool gaan beveilig:

- Die skool sal gereeld die was van hande met water en seep, of 'n handontsmettingsmiddel afdwing.
- Personeel en leerders is verantwoordelik vir die gereelde ontsmetting van hulle persoonlike ruimte.
- Daar is handsaniteerders in die gange aangebring vir die leerders se gebruik. Ons versoek leerders om dit oordeelkundig te gebruik.
- Daar sal geen groot byeenkomste by die skool soos saalopeninge, sportbyeenkomste, ensovoorts wees nie.
- Sosiale afstand sal gehandhaaf word en fisiese kontak of aanraking (handdruk of drukkies) sal nie toegelaat word nie.
- Die skool sal gereeld ontsmet word, met klem op hoërisiko-oppervlakke soos trapreëlings, deurhandvatsels en badkamers.
- Daar sal 'n daaglikse skoonmaakprogram met spesifieke chemikalieë wees en spesifieke prosesse sal gevolg word.
- **Daar sal 'n veranderde akademiese rooster gevolg word om beweging en kontak tot die minimum te beperk. Die rooster en tye sal met die leerders vroeëtydig gekommunikeer word.**
- 'n Een meter afstand sal sover moontlik in klasse tussen leerders sowel as personeel gehandhaaf word.
- Dit is belangrik dat leerders skool bywoon, mits hulle nie siek is nie. Ons prioriteit is om ons akademiese jaar suksesvol te voltooi.
- Leerders en personeel wat siek voel, MOET tuis bly.
- 'n Leerder wat Covid simptome toon, kan vir 10 dae isoleer, waarna hy mag terugkeer skooltoe, indien hy geen simptome het nie.
- Indien 'n leerder positief toets vir Covid, moet hy medies geskik verklaar word deur 'n dokter, voordat hy mag terugkeer skooltoe. Die graadhoof moet in kennis gestel word.
- Stigmatisering sal deur deeglike inligtingsessies bekamp word.
- Alle personeel en leerders se temperatuur sal soggens gemonitor word en 'n paar vrae moet beantwoord word voor hulle die terrein mag betree.
- Siek personeel en leerders moet by die skool en die Departement van Gesondheid aangemeld word - dit is die wet. Mense wat siek word, se kontak met ander moet nagevolg kan word om die virus sover moontlik te bekamp. U samewerking om ons gemeenskap te beskerm is absoluut noodsaaklik.

Die protokol met aankoms by die skool:

- **Leerders moet tussen 7:00- 7:35 by skool aanmeld.**
- Voor 'n leerder die terrein betree, moet hy sy masker dra en sy hande saniteer.
- Die leerders moet die volgende vyf vrae beantwoord:
 1. Hoes u?
 2. Het u koors?
 3. Is u kort van asem?
 4. Het u 'n seer keel?
 5. Was u in direkte kontak met 'n persoon wat positief getoets is vir Covid-19 die afgelope 10 dae?
- Indien 'n leerder nie voldoen aan die vereistes van die vrae nie, sal hy na die isolasielokaal verwys word (leeslokaal in Roosinbosch).
- Leerders handhaaf afstand en word gemonitor vir koors.
- Daar sal plekaanduiders wees wat die meterafstand aandui. Leerders tree aan in ooreenstemming met hierdie aanduiders.
- Leerders se temperatuur sal gemeet word en indien daar geen probleem is nie, gaan hy onmiddellik na sy klas. Hierdie lesings moet aangeteken word.
- Indien 'n leerder se temperatuur hoog is, sal hy na die isolasielokaal in Roosinbosch gestuur word.
- Die betrokke leerder se ouers sal deur K14 gekontak word, waarna die ouer hom onmiddellik moet laat toets vir COVID-19.

Leerders wat met eie vervoer (motor/motorfietse/fietse) die skool betree:

Hierdie leerders gebruik die hek aan die Sentrum se kant (Spar-veld), waar dieselfde prosedure gevolg sal word as by die sirkel se hek.

Koshuisleerders:

Dieselfde veiligheidsmaatreëls sal by die koshuis gevolg word. Leerders sal by koshuis gemonitor word, en direk na hul klasse gaan, indien daar geen probleme is nie.

Prosedures wat gevolg moet word indien iemand siek is:

- Leerders en personeel wat by die skool siek word of siek by die skool opdaag, moet so gou as moontlik huis toe gestuur word.
- Siek leerders of personeel sal apart van gesonde leerders en personeel gehou word totdat hulle kan vertrek.

Gesondheids- en higiëniese opleiding:

- Spesifieke opleiding sal aan alle personeel en leerders oor die skool se higiëniese program gegee word.
- Ons mentorspan onder leiding van me Cloete is beskikbaar vir emosionele ondersteuning ten opsigte van vrese, angs en onsekerhede.

Kontrolelys vir die skool:

- 'n Skoonmaakprogram vir personeel en leerders.
- Gereelde vullisverwydering.
- Die identifisering van hoërisiko-oppervlakke soos telefone, deurhandvatsels, badkamers, deurrame, elektroniese apparatuur en meubels (tafels en stoele in klaskamers).
- Volgens medici is goeie ventilasie in klaskamers belangrik. Ten spyte van die koue winter, sal verseker word dat leerders nie koud kry en siek word nie, maar dat leerders deurentyd vars lug het.
- Plakkate rakende COVID-19 en goeie higiëniese praktyke sal oral op die terrein en by die koshuis sigbaar wees.
- 'n Ondersteuningsnetwerk vir personeel en leerders wat siek is, is geskep. Ons verwys na emosionele sowel as akademiese ondersteuning.
- Geen skryfbehoeftes soos penne, boeke, uitveërs, liniale, potlode ens. moet deur leerders gedeel word nie en ook nie in kontak met mond gebring word nie.

Skoolbywoning:

Alhoewel ons versoek dat leerders wat enigsins simptome toon by die huis moet bly, is dit noodsaaklik dat die gesonde leerders wel skool toe kom. Baie akademiese tyd is reeds met die inperkingstydperk verloor. Leerders moet asseblief nie onnodig wegbly nie.

Strategie van die skool met die uitbreek van COVID-19 in die skool:

- Daar sal onmiddellik kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis wees.
- Die betrokke partye sal dadelik getoets moet word.
- Die betrokke partye sal vir 10 dae in selfkwarantyn moet gaan.
- Die betrokke partye moet dadelik 'n volledige lys van mense met wie hy in kontak was, verskaf.
- Die bestuur van die skool het nie die outoriteit om die skool te sluit indien daar 'n Covid-19-uitbraak is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid.

Volg die nodige prosedure wanneer 'n persoon wat siek was, gesond geword het:

Volgens beskikbare voorlopige gegewens is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer twee weke, terwyl ernstige gevalle drie tot ses weke duur.

Wanneer kan leerders terugkom skool toe?

- Leerders moet 14 dae by die huis bly as hulle simptome begin toon of positief getoets is.
- Na 10 dae, of as die leerder geen simptome meer toon nie, mag die leerder terugkeer skooltoe, mits 'n dokter hom medies geskik verklaar om terug te keer.
- Die ouers moet die graadhoof in kennis stel dat die leerder gaan terugkeer skooltoe.
- Die leerder sal dan weer by die skool toegelaat word.

Kontakbesonderhede vir COVID-19 mediese navrae:

Nasionale nommer: [0800 029 999](tel:0800029999) The National Institute For Communicable Diseases (NICD)
Provinsiale nommer: [021 928 4102](tel:0219284102)
E-pos: doh.dismed@westerncape.gov.za
WhatsApp "Hi" aan [060 012 3456](tel:0600123456)

Hantering van besoekers by die skool (sluit ouers in):

Almal wat die terrein betree, moet aan dieselfde voorsorgmaatreëls onderwerp word om ons hele gemeenskap te beskerm. Dus sal die volgende prosedure geld:

- Besoekers se temperatuur sal by die hek gemonitor word. Ons sekuriteitswagte sal opgelei wees om dit te hanteer.
- Besoekers se hande sal met 'n ontsmettingsmiddel by die hek ontsmet word.
- Besoekers sal verplig word om maskers te dra.
- Besoekers sal slegs toegelaat word indien afspraak gemaak is.
- Alle besoekers moet hulle verwittig van die protokol wat aangebring is by die ingang om die terrein te betree.

SKOOLPRAKTYK EN COVID-19

- **Leerders sal elke dag gemonitor word.**
- **Bestuur van pouses:** Spesifieke areas sal aan spesifieke graadgroepe geallokeer word om te verseker dat daar genoeg spasie vir elke graadgroep is om die aanvaarbare sosiale afstand te handhaaf.
- **Busse:** Busse sal die nodige ontsmettingsprosedure volg om leerders se veiligheid te waarborg.
- **Splendidior:** Splendidior sal slegs op 20 minute afspraak werk vanaf 8:00-18:00, Maandae tot Vrydae.

(WAG ASB IN U MOTOR TOTDAT DIT U AFSPRAAK IS.)

- U moet 'n masker dra en op die korrekte manier.
- U moet u hande by die ingang saniteer.
- U het slegs 20 minute vir u aankope.
- Moet asseblief nie op die banke of stoele sit nie.
- Moet asseblief aan geen voorraad vat nie.
- Behou 'n 1,5m sosiale afstand te alle tye.
- Weet watter groottes u wil aankoop om te vermy dat die items onnodig aangepas moet word. Elke aangepaste item moet weer deur 'n reinigingsproses gaan.
- Geen items mag huistoe geneem word om aan te pas nie.
- Geen items sal omgeruil word nie. Dus moet u kind self teenwoordig wees vir die aankope.

- Slegs debiet- of kredietkaart betalings sal hanteer word. (Geen kontant of direkte inbetalings nie.)

COVID-19-kommunikasie by die skool:

Die belangrikste manier om ons gemeenskap teen die virus te beveilig, is om te verseker dat goeie higiëniese gewoontes gevestig word. Dit sal net gebeur as ons skoolgemeenskap permanent die goeie gewoontes sien. Plakkate sal in die klaskamers en in die gange van die skool aangebring word om ons skoolgemeenskap deurentyd daaraan te herinner. Plakkate sal onderwerpe hanteer soos:

- So was 'n mens jou hande deeglik.
- Oppervlakke wat vermy moet word.
- Fisiese kontak word belet.
- Handhaaf 'n veilige sosiale afstand.
- Was gereeld jou hande.
- Goeie higiëniese praktyke.
- Hoes en nies in jou elmboog of sneesdoekie en gooi dit onmiddellik weg.

Met almal se samewerking sal ons verseker dat ons skoolgemeenskap veilig is.

COVID-19 PRG GESONDHEIDS- & VEILIGHEIDSBEAMPTES

- Gwen Olivier: golivier@paulroos.co.za
- Stephan Jordaan: sjordaan@paulroos.co.za